2. Wat u moet weet voordat u Venlafaxine XR Adco neem

Moenie Venlafaxine XR Adco neem nie:

- indien u hipersensitief (allergies) is vir venlafaksien of vir enige van die ander bestanddele van Venlafaxine XR Adco (gelys in afdeling 6)
- indien u monoamienoksidase-inhibeerders (MAOIs) neem, 'n medisyne wat ook gebruik word om depressie of Parkinson se siekte te behandel, of dit in die afgelope 14 dae geneem het (u moet ook ten minste 7 dae wag nadat u Venlafaxine XR Adco gestaak het voordat u enige MAOI neem)
- indien u jonger as 18 jaar is
- indien u swanger is of u baba borsvoed.

Waarskuwings en voorsorgmaatreëls

Wees veral versigtig met Venlafaxine XR Adco:

- Indien u ander medisyne gebruik wat, wanneer dit saam met Venlafaxine XR Adco geneem word, die risiko kan verhoog om serotoniensindroom te ontwikkel (sien die afdeling "Ander medisyne en Venlafaxine XR Adco").
- Indien u oogprobleme het, soos sekere soorte gloukoom (verhoogde druk in die oog).
- Indien u 'n geskiedenis van hoë bloeddruk het.
- Indien u 'n geskiedenis van hartprobleme het.
- indien u 'n geskiedenis van miokardiale infarksie of onstabiele hartsiektes het.
- Indien u 'n geskiedenis van stuipaanvalle (konvulsies) het.
- Indien u 'n geskiedenis van lae natriumvlakke in u bloed het (hiponatremie).
- Indien u 'n neiging het om kneusplekke te ontwikkel of 'n neiging om maklik te bloei (geskiedenis van bloedingsversteurings), of indien u ander medisyne neem wat die risiko van bloeding kan verhoog, bv. warfarien (gebruik om bloedklonte te voorkom).
- Indien u swanger is, aangesien daar 'n verhoogde risiko van swaar vaginale bloeding kort na geboorte kan wees (sien 'Swangerskap' en 'Moenie Venlafaxine XR Adco neem nie').
- Indien u 'n geskiedenis van hoë cholesterol het.
- Indien u gewigsverlies medisyne neem.

- Indien u 'n geskiedenis het van manie of bipolêre versteuring (ooropgewonde of eufories voel), of indien iemand in u gesin dit gehad het.
- Indien u 'n geskiedenis van aggressiewe gedrag het.
- Indien u siftingstoetse vir fensiklidien en amfetamien moet ondergaan.

Gedagtes van selfdood en verergering van u depressie of angsversteuring
Indien u depressief is en/of angsversteurings het, kan u soms gedagtes hê om uself te beseer of dood te maak. Dit kan verhoog word wanneer u die eerste keer antidepressante begin neem, aangesien hierdie medisyne almal tyd neem om te werk, gewoonlik ongeveer twee weke, maar soms langer.

U is dalk meer geneig om so te dink:
- Indien u voorheen gedagtes gehad het om uself dood te maak of uself te beseer.
- Indien u 'n jong volwassene is. Inligting uit kliniese studies het 'n verhoogde risiko van selfdoodgedrag getoon by jong volwassenes (jonger as 25 jaar oud) met psigiatriese toestande wat met 'n antidepressant behandel is.

Indien u ter enige tyd gedagtes het om uself te beseer of dood te maak, kontak u dokter of gaan dadelik hospitaal toe.

Droë mond
Venlafaxine XR Adco kan 'n droë mond veroorsaak, dit kan die risiko van gaatjies in die tande verhoog en tandheelkundige higiëne is baie belangrik.

Diabetes
U bloedglukosevlakke kan verander word as gevolg van Venlafaxine XR Adco. Daarom moet die dosis van u diabetes-medisyne dalk aangepas word.

Seksuele probleme
Venlafaxine XR Adco (sogenaamde SNHIs) kan simptome van seksuele disfunksie veroorsaak (sien afdeling 4). In sommige gevalle het hierdie simptome voortgeduur nadat die behandeling gestaak is.

Raadpleeg u dokter voordat u Venlafaxine XR Adco neem, veral indien u:
- ‘n Geskiedenis van bloedingsversteurings het, of indien u swanger is (sien 'Swangerskap')

Kinders en adolessente
Moenie Venlafaxine XR Adco aan kinders en adolessente onder die ouderdom van 18 jaar gee

nie. Selfdoodverwante gedrag (selfdoodpoging en selfdoodgedagtes) en woede (hoofsaaklik aggressie, opposisiegedrag en woede) is meer gereeld onder kinders en adolessente waargeneem.

Ander medisyne en Venlafaxine XR Adco

Lig altyd u gesondheidsorgverskaffer in indien u enige ander medisyne neem. (Dit sluit alle komplementêre of tradisionele medisyne in.)

U moet u dokter inlig indien u die volgende medisyne gebruik:

- Monoamienoksidase-inhibeerders (MAOI) wat gebruik word om depressie of Parkinson se siekte te behandel, moenie saam met Venlafaxine XR Adco geneem word nie. Lig u dokter in indien u hierdie medisyne binne die afgelope 14 dae geneem het (MAOIs: sien die afdeling “Wat u moet weet voordat u Venlafaxine XR Adco neem”).
- **Serotonien sindroom:**

'n Potensieel lewensgevaarlike toestand of Neuroleptiese Kwaadaardige Sindroom (NKS)-agtige reaksies (sien die afdeling ‘Moontlike newe-effekte’) kan voorkom tydens behandeling met Venlafaxine XR Adco, veral wanneer dit saam met ander medisyne geneem word. Voorbeelde van hierdie medisyne sluit in:

- Triptane (gebruik vir migraine)
- Ander medisyne om depressie te behandel, byvoorbeeld SNHIs, SSHIs, trisikliese antidepressante of medisyne wat litium bevat
- Medisyne wat amfetamiene bevat (wat gebruik word om aandagafleibaarheidsversteuring (ADHD), narkolepsie en vetsug te behandel)
- Medisyne wat sibutramien bevat (gebruik vir gewigsverlies)
- Medisyne wat tramadol, fentaniel, tapentadol, petidien of pentasosien bevat (word gebruik om erge pyn te behandel)
- Medisyne wat linesolied bevat, 'n antibiotikum (gebruik om infeksies te behandel)
- Medisyne wat moklobemied, 'n MAOI bevat (word gebruik om depressie te behandel)
- Medisyne wat dekstrometorfaan bevat (word gebruik om hoes te behandel)
- Medisyne wat metadoon bevat (word gebruik om opioïed dwelmverslawing of erge pyn te behandel)
- Medisyne wat metileenblou bevat (word gebruik om hoë vlakke van methemoglobien in die bloed te behandel)
- Produkte wat ‘St John's Wort’ bevat (ook genoem *Hypericum perforatum*, 'n natuurlike of kruiemiddel wat gebruik word om ligte depressie te behandel)
- Produkte wat triptofaan bevat (gebruik vir probleme soos slaap en depressie)
- Antipsigotika (word gebruik om 'n siekte te behandel met simptome soos om dinge te hoor, te sien of aan te voel wat nie daar is nie, verkeerde oortuigings, ongewone agterdogtigheid,

onduidelike redenasie en teruggetrokke houding)

Tekens en simptome van serotoniensindroom kan 'n kombinasie van die volgende insluit: rusteloosheid, hallusinasies, verlies aan koördinasie, vinnige hartklop, verhoogde liggaamstemperatuur, vinnige veranderinge in bloeddruk, ooraktiewe reflekse, diarree, koma, naarheid, braking.

In sy ernstigste vorm kan serotoniensindroom soos Neuroleptiese Kwaadaardige Sindroom (NKS) lyk. Tekens en simptome van NKS kan 'n kombinasie van koors, vinnige hartklop, sweet, erge spierstyfheid, verwarring, verhoogde spierensieme (bepaal deur 'n bloedtoets) insluit.

Lig u dokter dadelik in, of gaan na die ongevalle-afdeling by u naaste hospitaal indien u enige van die bogenoemde simptome ervaar.

U moet u dokter inlig indien u medisyne neem wat u hartritme kan beïnvloed, soos:

- Middels teen disritmie soos kinidien, aminodaroon, sotalol of dofetilied (word gebruik om abnormale hartritme te behandel)
- Antipsigotika soos tioridasien (Sien ook ‘Serotoniensindroom’ hierbo)
- Antibiotika soos eritromisien of moksifloksasien (word gebruik om bakteriële infeksies te behandel)
- Antihistamiene (word gebruik om allergie te behandel)

Die volgende medisyne kan ook interaksie hê met Venlafaxine XR Adco en moet met versigtigheid gebruik word. Dit is veral belangrik om aan u dokter of apteker te noem indien u medisyne neem wat die volgende bevat:

- Ketokonasool ('n antifungus medisyne)
- Simetidien ('n teensuurmiddel), veral indien u bejaard is of lewerprobleme het
- Imipramien, bupropioon of fluoksetien (antidepressante)
- Ritonavir ('n antiretrovirale middel wat vir MIV/VIGS gebruik word)
- Haloperidol of risperidoon (vir die behandeling van psigiatriese toestande)
- Metoprolol ('n betablokker om hoë bloeddruk en hartprobleme te behandel)

Venlafaxine XR Adco met kos en alkohol

U moet geen alkohol neem wanneer u Venlafaxine XR Adco neem nie.

Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid

Indien u swanger is of borsvoed, dink u is dalk swanger of van plan is om 'n baba te hê,

raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer vir advies voordat u Venlafaxine XR Adco neem.

Swangerskap
Moenie Venlafaxine XR Adco neem indien u swanger is nie.
Indien u baba laat in die derde trimester aan Venlafaxine XR Adco blootgestel is, kan u baba simptome hê dat hy nie behoorlik voed na geboorte nie. Indien u baba hierdie simptome het wanneer dit gebore word en u is bekommerd, kontak u dokter en/of vroedvrou wat u sal kan adviseer.

Indien u Venlafaxine XR Adco naby die einde van u swangerskap neem, kan daar 'n verhoogde risiko van swaar vaginale bloeding kort na geboorte wees, veral indien u 'n geskiedenis van bloedingsversteurings het. U dokter of vroedvrou moet bewus wees dat u Venlafaxine XR Adco neem sodat hulle u kan adviseer.

Borsvoeding
Venlafaxine XR Adco word in borsmelk uitgeskei, daarom moet moeders wat hul babas borsvoed, nie Venlafaxine XR Adco neem nie.

Bestuur en gebruik van masjinerie
Venlafaxine XR Adco kan veroorsaak dat u duiselig en slaperig voel wat dus u oordeel, denke en motoriese vaardighede kan benadeel.

Dit is nie altyd moontlik om te voorspel in watter mate Venlafaxine XR Adco met u daaglikse aktiwiteite kan inmeng nie. Moenie betrokke raak by die bestuur van 'n voertuig of die gebruik van masjinerie voordat u bewus is van die mate waartoe Venlafaxine XR Adco u raak nie.

Venlafaxine XR 150 Adco bevat Allura Red AC (E129) en Sunset Yellow FCF (E110)
Allura Red AC (E129) en Sunset Yellow FCF (E110) kan allergiese reaksies veroorsaak.

Venlafaxine XR 225 Adco bevat die kleurstof Karmosien (E122)
Karmosien (E122) kan allergiese reaksies veroorsaak.

3. Hoe om Venlafaxine XR Adco te neem
Moenie medisyne wat aan u voorgeskryf is, met enige ander persoon deel nie.
Neem altyd Venlafaxine XR Adco presies soos u dokter u ingelig het. Raadpleeg u dokter of apteker indien u nie seker is nie.

Die algemene aanbevole aanvangsdosis vir Venlafaxine XR Adco vir die behandeling van depressie, algemene angsversteuring en sosiale angsversteuring is 75 mg per dag. Die dosis kan geleidelik deur u dokter verhoog word, en indien nodig, selfs tot en met 'n maksimum dosis van 375 mg daagliks vir depressie. Die maksimum dosis vir algemene angsversteuring, sosiale angsversteuring en paniekversteuring is 225 mg/dag.

Sluk die kapsule heel met vloeistof. Moenie kapsule verdeel, fyn maak, kou of in water sit nie.

Neem Venlafaxine XR Adco eenkeer per dag op dieselfde tyd, hetsy in die oggend of in die aand.

Venlafaxine XR Adco moet saam met kos geneem word.

Indien u lewer- of nierprobleme het, raadpleeg u dokter, aangesien u dosis Venlafaxine XR Adco dalk moet verander.
U dokter sal gereeld bepaal of u op langtermynterapie met Venlafaxine XR Adco moet wees.
U dokter sal u inlig hoe lank u behandeling met Venlafaxine XR Adco sal duur. Moenie die behandeling voortydig stop omdat u beter voel nie. Indien u die indruk het dat die effek van Venlafaxine XR Adco te sterk of te swak is, stel u dokter of apteker in kennis.

Indien u meer Venlafaxine XR Adco neem as wat u moes
In die geval van oordosering, raadpleeg u dokter of apteker. Indien nie een beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifhulpsentrum.
Die simptome van 'n moontlike oordosis kan 'n vinnige hartklop, veranderinge in waaksaamheid (wat wissel van slaperigheid tot koma), versteurde visie, stuipaanvalle of konvulsies, en braking insluit.

Indien u vergeet om Venlafaxine XR Adco te neem
Moenie 'n dubbele dosis neem om op te maak vir vergete individuele dosisse nie.

Indien u Venlafaxine XR Adco staak
Moenie u behandeling staak of die dosis verminder sonder die advies van u dokter nie, selfs al voel u beter. Indien u dokter dink dat u nie meer Venlafaxine XR Adco nodig het nie, kan hy/sy u vra om u dosis stadig te verminder voordat u die behandeling heeltemal stop. Dit is bekend dat newe-effekte voorkom wanneer mense ophou om Venlafaxine XR Adco te gebruik, veral wanneer dit skielik gestaak word, of die dosis te vinnig verminder word. Sommige pasiënte kan

simptome ervaar soos moegheid, duiseligheid, lighoofdigheid, hoofpyn, slapeloosheid, nagmerries, droë mond, verlies aan eetlus, naarheid, diarree, senuweeagtigheid, agitasie, verwarring, gelui in die ore, tinteling of selde elektriese skok-sensasies, swakheid, sweet, stuipaanvalle of griepagtige simptome.

U dokter sal u adviseer oor hoe u Venlafaxine XR Adco behandeling geleidelik moet staak. Indien u enige van hierdie of ander simptome ervaar wat lastig is, vra u dokter vir verdere advies.

4. Moontlike newe-effekte

Venlafaxine XR Adco kan newe-effekte hê.
Nie alle newe-effekte wat vir Venlafaxine XR Adco aangemeld is, word in hierdie biljet ingesluit nie. Indien u algemene gesondheid verswak of u enige ongewenste gevolge ervaar terwyl u Venlafaxine XR Adco neem, raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorg-verskaffer vir advies.

Indien enige van die volgende gebeur, staak Venlafaxine XR Adco en lig u dokter dadelik in, of gaan na die ongevalle-afdeling by u naaste hospitaal:

- swelling van die hande, voete, enkels, gesig, lippe en mond of keel, wat probleme kan veroorsaak om te sluk of asem te haal,
- veluitslag of jeukerigheid,
- floute.

Hierdie is alles baie ernstige newe-effekte. Indien u dit ervaar, het u dalk 'n ernstige reaksie op Venlafaxine XR Adco gehad. U sal dalk dringende mediese hulp of hospitalisasie nodig hê.

Lig u dokter dadelik in, of gaan na die ongevalle-afdeling by u naaste hospitaal indien u enige van die volgende opmerk:

- Hartprobleme, soos vinnige of onreëlmatige hartklop, verhoogde bloeddruk.
- Benoudheid op die bors, hygende asemhaling, probleme met sluk of asemhaling.
- Erge veluitslag, jeuk of galbulte (verhoogde kolle rooi of bleek vel wat dikwels jeuk).
- Tekens en simptome van serotoniensindroom wat rusteloosheid, hallusinasies, verlies aan koördinasie, vinnige hartklop, verhoogde liggaamstemperatuur, vinnige veranderinge in bloeddruk, ooraktiewe reflekse, diarree, koma, naarheid, braking kan insluit.

In sy mees ernstige vorm kan serotoniensindroom soos Neuroleptiese Kwaardaardige Sindroom (NKS) lyk. Tekens en simptome van NKS kan 'n kombinasie van koors, vinnige hartklop, sweet, erge spierstyfheid, verwarring, verhoogde spierensieme (bepaal deur 'n bloedtoets) insluit.

- Tekens van infeksie, soos hoë temperatuur, kouekoors, bewing, hoofpyn, sweet, griepagtige simptome. Dit kan die gevolg wees van 'n bloedafwyking wat lei tot 'n verhoogde risiko van infeksie.
- Erge veluitslag, wat kan lei tot ernstige blaasvorming en afskilfering van die vel.
- Onverklaarbare spierpyn, -teerheid of -swakheid. Dit kan 'n teken van rabdomiolise wees.
- Gedagtes om uself te beseer of dood te maak.

Hierdie is alles ernstige newe-effekte. U sal dalk dringend mediese hulp nodig hê.

Lig u dokter in indien u enige van die volgende opmerk:

Gereelde newe-effekte:

- verminderde eetlus
- probleme met slaap
- abnormale drome, senuweeagtigheid
- verminderde libido, abnormale ejakulasie/orgasme (mans)
- duiseligheid, slaperigheid, rukkerigheid
- parestesie (abnormale sensasie, tipies tinteling of prikkeling)
- veranderde smaak
- versteurde visie, verwyde pupille, sigverlies, onvermoë van die oog om outomaties fokus van ver na naby voorwerpe te verander
- warm gloede
- gaap
- naarheid, droë mond, hardlywigheid, braking, maagpyn
- 'n abnormaal hoë vlak van spiertonus of -spanning, rugpyn
- onvermoë om te urineer; sukkel om te urineer
- impotensie
- moegheid, gebrek aan energie, pyn
- gewigstoename, gewigsverlies
- verhoogde cholesterol

Minder gereelde newe-effekte:

- ooraktiwiteit, jaende gedagtes en verminderde behoefte aan slaap (manie)
- voel ooropgewonde (hipomanie)
- hallusinasies
- derealisasie (gevoel dat 'n mens se omgewing nie werklik is nie), apatie (gebrek aan belangstelling)
- abnormale orgasme

- onwillekeurige spiere wat ruk of spring; stuipaanvalle
- duiselig voel (veral indien u te vinnig opstaan)
- sensitiwiteit vir sonlig; kneusplekke

Frekwensie onbekend:

- sensasie van in-die-rondte-draai en verlies aan balans
- bloedafwykings soos granulosiete in die bloed, tekort aan alle soorte bloedselle wat veroorsaak word deur beenmurgontwikkeling wat nie plaasvind nie, rooi selle, wit selle en bloedplaatjie-tekort (pansitopenie), bloedplaatjie-tekort in die bloed (trombositopenie) (sal deur 'n bloedtoets bepaal word)
- oormatige waterretensie (bekend as SIADH)
- abnormale borsmelkproduksie
- afname in bloednatriumvlakke
- verhoogde eetlus
- verwarring, voel geskei (of losgemaak) van uself
- agitasie
- kners van tande (veral tydens slaap)
- hoofpyn
- 'n gevoel van rusteloosheid of 'n onvermoë om stil te sit of te staan
- onwillekeurige bewegings van die spiere
- balansversteuring
- spierspasma en abnormale postuur
- nouhoek-gloukoom
- gelui in die ore
- lae bloeddruk
- inflammasie van die longe
- hoes, hygende asemhaling en kortasem wat gepaard kan gaan met 'n hoë temperatuur
- seer keel, loopneus, nies
- braking van bloed, swart teeragtige stoelgang (ontlasting) of bloed in stoelgang, wat tekens van bloeding in die spysverteringskanaal kan wees
- erge buik- of rugpyn, naar voel en braking wat kan dui op inflammasie van die pankreas
- diarree
- erge gewigsverlies (anoreksie)
- slegte spysvertering, winde opbreek, winde laat (flatus)
- verhoogde lewerfunksietoetse (bepaal deur 'n bloedtoets)
- jeukerigheid, geel vel of oë, donker urien of griepagtige simptome, wat simptome van

inflammasie van die lewer (hepatitis) is
- oormatige sweet (insluitend nagsweet)
- galbulte, haarverlies, swelling van die bene en arms
- bultende, uitslagagtige letsel wat rooi, pienk, pers of bruin is
- spierpyn
- verhoogde frekwensie in urinering
- onwillekeurige lekkasie van urien
- menstruele onreëlmatighede soos verhoogde bloeding of verhoogde onreëlmatige bloeding
- kouekoors
- onverwagte bloeding, bv. bloeiende tandvleis, bloed in die urien of in braaksel, of die voorkoms van onverwagte kneusplekke of lekkende bloedvate (spatare)
- langdurige bloeding - indien u uself sny of beseer, kan dit effens langer as gewoonlik neem voordat bloeding stop
- swaar vaginale bloeding kort na geboorte (post-partum bloeding)

Indien u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie biljet genoem word nie, stel asseblief u dokter of apteker in kennis.

Aanmelding van newe-effekte

Indien u enige newe-effekte ervaar, raadpleeg u dokter, apteker of verpleegkundige. U kan ook newe-effekte by SAHPRA aanmeld via die vorm "6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form", wat aanlyn gevind kan word onder SAHPRA se publikasies: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8. Deur newe-effekte aan te meld, kan u help om meer inligting oor die veiligheid van Venlafaxine XR Adco te verskaf.

5. Hoe om Venlafaxine XR Adco te bêre

BÊRE ALLE MEDISYNE BUITE BEREIK VAN KINDERS.

Bêre teen of benede 25 °C. Bêre in oorspronklike verpakking totdat dit benodig word vir gebruik.

Beskerm teen lig en vogtigheid. Hou HDPE-houers dig toe.

Neem alle ongebruikte medisyne terug na u apteker.

Moenie ongebruikte medisyne in afvoerpype of rioolstelsels (bv. toilette) weggooi nie.

6. Inhoud van die verpakking en ander inligting

Wat Venlafaxine XR Adco bevat

Venlafaxine XR 37,5 Adco: Die aktiewe bestanddeel is venlafaksienhidrochloried gelykstaande

aan 37,5 mg venlafaksien vrye basis.
Die ander bestanddele is:
Kapsule se inhoud (mini-tablette):
Kern: mikrokristallyne sellulose, kolloïdale silikondioksied, magnesiumstearaat, povidoon, talk.
Filmbedekking: kopovidoon, etielsellulose.
Kapsuledop: gelatien, ysteroksied swart (E172), ysteroksied rooi (E172), ysteroksied geel (E172), titaandioksied (E171), gesuiwerde water.
Kapsule gedrukte ink: butielalkohol, ontwaterde alkohol (E1510), isopropielalkohol, propileenglikol (E1520), skilferlak (E904), gekonsentreerde ammoniakoplossing (E527), ysteroksiedrooi (E172).

Venlafaxine XR 75 Adco: Die aktiewe bestanddeel is venlafaksienhidrochloried gelykstaande aan 75 mg venlafaksien vrye basis.
Die ander bestanddele is:
Kapsule se inhoud (mini-tablette):
Kern: mikrokristallyne sellulose, kolloïdale silikondioksied, magnesiumstearaat, povidoon, talk.
Filmbedekking: kopovidoon, etielsellulose.
Kapsuledop: gelatien, ysteroksied swart (E172), ysteroksiedrooi (E172), titaandioksied (E171), gesuiwerde water.
Kapsule gedrukte ink: butielalkohol, ontwaterde alkohol (E1510), isopropielalkohol, propileenglikol (E1520), skilferlak (E904), gekonsentreerde ammoniakoplossing (E527), ysteroksiedrooi (E172).

Venlafaxine XR 150 Adco: Die aktiewe bestanddeel is venlafaksienhidrochloried gelykstaande aan 150 mg venlafaksien vrye basis.
Die ander bestanddele is:
Kapsule se inhoud (mini-tablette):
Kern: mikrokristallyne sellulose, kolloïdale silikondioksied, magnesiumstearaat, povidoon, talk.
Filmbedekking: kopovidoon, etielsellulose.
Kapsuledop: gelatien, briljante blou FCF (E133), Allura Red AC (E129), Sunset Yellow FCF (E110), titaniumdioksied (E171), gesuiwerde water.
Kapsule gedrukte ink: butielalkohol, gedehidreerde alkohol (E1510), isopropielalkohol, propileenglikol (E1520), skilferlak (E904), natriumhidroksied, povidoon, titaandioksied (E171).

Venlafaxine XR 225 Adco: Die aktiewe bestanddeel is venlafaksienhidrochloried gelykstaande aan 225 mg venlafaksien vrye basis.
Die ander bestanddele is:

Kapsule se inhoud (mini-tablette):
Kern: mikrokristallyne sellulose, kolloïdale silikondioksied, magnesiumstearaat, povidoon, talk.
Filmbedekking: kopovidoon, etielsellulose.
Kapsuledop: Karmosien (E122), gelatien, titaandioksied (E171), gesuiwerde water.
Kapsule gedrukte ink: butielalkohol, ontwaterde alkohol (E1510), isopropielalkohol, propileenglikol (E1520), skilferlak (E904), gekonsentreerde ammoniakoplossing (E527), Indigo-karmyn (E132) lak.

Hoe Venlafaxine XR Adco lyk en die inhoud van die verpakking
Venlafaxine XR 37,5 Adco is 'n liggrys ondeursigtige/perske-kleurige ondeursigtige, grootte "3" harde gelatienkapsule met breë en smal radiale sirkels op die basis in rooi ink, en breë en smal radiale sirkels op die dop in rooi ink, gevul met wit tot naaswit, ronde, bikonvekse, filmbedekte mini-tablette.

Venlafaxine XR 75 Adco is 'n perske-kleurige ondeursigtige/perske-kleurige ondeursigtige grootte "1" harde gelatienkapsule met breë en smal radiale sirkels op die basis in rooi ink, en breë en smal radiale sirkels op die dop in rooi ink, gevul met wit tot naaswit, ronde, bikonvekse, filmbedekte mini-tablette.

Venlafaxine XR 150 Adco is 'n donker-oranje/donker-oranje ondeursigtige grootte "0" harde gelatienkapsule met breë en smal radiale sirkels op die basis in wit ink, en breë en smal radiale sirkels op die dop in wit ink, gevul met wit tot naaswit, ronde, bikonvekse, filmbedekte mini-tablette.

Venlafaxine XR 225 Adco is 'n pienk ondeursigtige/pienk ondeursigtige, grootte "00" harde gelatienkapsule met breë en smal radiale sirkels op die basis in blou ink, en breë en smal radiale sirkels op die dop in blou ink, gevul met mini-tablette.

Venlafaxine XR Adco verlengde-vrystelling kapsules is verpak in:
- Aluminium/aluminiumfoelie stulpstroke (slegs vir die 225 mg kapsules)
- Aluminiumfoelie en wit ondeursigtige PVC-Aclar-filmstulpstroke
- Aluminiumfoelie en wit ondeursigtige PVC-PVdC-filmstulpstroke
- Wit HDPE-houers met kinderbestande prop, en 'n absorberende katoenwatte (slegs vir die 37,5 mg, 75 mg en 150 mg kapsules)

Verpakkingsgroottes: 10 of 14 kapsules per stulpstrook in 'n verpakking van 10, 14, 28, 30 of 100 kapsules in 'n buitenste kartonboksie saam met professionele inligting en/of pasiënt

inligtingsbiljet. 30, 100, 500 of 1 000 kapsules per HDPE-houer.
Nie alle verpakkingsgroottes mag dalk bemark word nie.

Houer van Sertifikaat van Registrasie

Adcock Ingram Limited
New Road 1, Erand Gardens
Midrand
1685
Suid-Afrika
Kliëntediens: 0860 ADCOCK / 232625

Hierdie biljet is mees onlangs hersien op

13 May 2025

Registrasienommers

Venlafaxine XR 37,5 Adco:	43/1.2/0577
Venlafaxine XR 75 Adco:	43/1.2/0578
Venlafaxine XR 150 Adco:	43/1.2/0579
Venlafaxine XR 225 Adco:	52/1.2/0438

adcock ingram

20046057 09/2025